

Spaar vir jou kind se studie – en bespaar só

Lenings is allermans die oplossing om voorsiening te maak

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Ons wil almal die beste vir ons kinders hê. En oumas en oupas wil die beste vir hul kleinkinders hê.

Dit sien ek in die talle briewe van lesers wat wil weet oor die hoe en waarin om vir kinders en kleinkinders se studiegeld voorsiening te maak. Dit is waarna ek vandag kyk. En weliswaar 'n bietjie deegliker as wat jy normaalweg in bemarkingsmateriaal sal sien.

Kom ons praat liewer van 'n finansiële hupstoot vir daardie kind. Nie almal wil byvoorbeeld universiteit toe gaan nie, maar elkeen wat 'n lewe as volwassene begin, moet 'n geldjie hê.

Daarom my eerste punt: Leen of spaar?

Spaar jy vir die kind se studie (of dan daardie finansiële hupstoot), of beplan julle 'n studielening? Kom ons vergelyk die twee.

Kom ons sê jy wil R500 000 kapitaal hê oor 'n sekere aantal jare. Kom ons sê tien jaar. Die groei op die belegging is 10% per jaar en die rente betaalbaar op die skuld is 10% per jaar (wat dit nooit sal wees nie; dit is meer as dubbel, maar net om my punt te maak hou ons alles mooi gelyk).

Spaar

■ Jy moet maandeliks R2 420 spaar om daarby uit te kom.

■ Die totale bedrag uit jou sak vir die R500 000 is net R290 484.

■ Rente verdien op die belegging is R205 384.

Lening

■ Die terugbetaling op die lening is R6 607 per maand.

■ Die totale bedrag geld uit jou sak vir die R500 000 wat jy leen is R792 904.

■ Rente betaalbaar deur jou op die lening is R292 904.

Laat ek dit beklemtoon:

■ Vir die eerste sowat drie jaar van die tien-jaar-termynt betaal jy maandeliks meer af aan rente vir die bank as wat jy afbetaal aan jou skuld.



Jan Taks se belastingaanwysing vir 2025

Baie lesers het seker, soos van my kliënte, briewe van die Ontvanger van Inkomste gekry oor 'n vaste aftrekkers vir inkomstebelasting.

Hier is hoe dit werk en die rede daarvoor.

Dis nie vir almal nuut nie. Jan Taks het dit reeds op 1 Maart 2022 begin toepas. Die wetlikheid hiervan vind ons in par. 2(2B) van die vierde bylae van die inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962).

Hiervolgens kry werkgewers, fondsadministrateurs en versekeraars jaarliks 'n aanwysing van die Ontvanger om teen 'n spesifieke belastingkoers inkomstebelasting te hef op belastingbetalers se inkomste.

Nog raad

■ Die R500 000 kapitaal kos jou ener syds (as jy spaar) R290 484, teenoor andersyds (as jy die geld leen) R792 904.

■ Verskil oor die tyd van R502 420.

Dit is meer as die kapitaal waarvoor jy voorsiening probeer maak.

Maar die werklikheid lê op 'n heel ander vlak. Jy gaan nie geld kan leen teen 10% rente nie, maar eerder 20% en waarskynlik meer.

Só lyk die syfers teen 20% rente betaalbaar op 'n lening van R500 000:

■ Die terugbetaling is R9 504 per maand (teenoor R2 420 as jy spaar); en

■ Die totale bedrag uit jou sak (vir net R500 000 wat jy leen) is R1 140 525 (teenoor die R290 484 as jy spaar daarvoor).

As dit jou nie van skuld afskrik vir die res van jou lewe nie, weet ek nie so mooi nie. Kom ons kyk na die waar en die hoe. En soos met enigiets finansiële moet ons risiko in gedagte hou.

Nie net markrisiko nie, maar ook die risiko van dood.

Dit is bedoel vir diegene wat meer as een bron van inkomste het, byvoorbeeld iemand het reeds afgetree en ontvang 'n pensioen, maar het intussen ook 'n nuwe werk aanvaar. Die tweede inkomste plaas so 'n persoon in 'n hoër belastingkategorie.

Om dus aan die einde van die jaar die skok van 'n groot belasting-inbetaling op een slag te probeer voorkom, word die hoër aftrekkers toegelas.

Jy gaan nie meer belasting betaal nie. Jy betaal steeds volgens die gewone skaal van toepassing in die betrokke jaar. Dit maak net seker dat jou belasting min of meer op datum bly en dat jy nie 'n belastingsskok kry later nie.

Direk in effektrusts

'n Belegging direk in effektrustfondse in die kind se naam is 'n goeie manier om sommer ook die kind bewus te maak van die belangrikheid van spaar.

Hy of sy kan sien hoe die geld groei en sal waarskynlik van tyd tot self begin bydra.

As jy (ouer of grootouer) namens die kind spaar, is dit beter dat die belegging in die kind se naam is, sou jy vroeër doodgaan as wat jy wou.

Dan hoef die belegging nie eers deur jou boedel te gaan – met eksekuteurskosse en boedelbelasting en ook dalk ander boedelkoste-implikasies en selfs bemarkingshaakplekke – nie.

Doen jy wel die belegging in jou naam of wil jy sommer net geld bemaak aan die kind, sal ek voorstel dat dit bemaak word aan 'n testamentêre trust waarin die kind begunstig word. Dan het jy sekerheid.

Gesels eers met 'n fidusiêre kundige daarvoor.

Polis 1

Die geld kan in 'n polis belê word of in die kind se naam of met die kind as begunstigde.

Op dié manier systap jy tot groot mate die boedelprobleme waarna ek hierbo verwys – dit kan wel in berekening gebring word vir boedelbelasting as die polis in jou naam is.

Andersins is daar nie veel van 'n verskil tussen die polis en die belegging direk in effektrustfondse nie.

Polis 2

Daar is 'n ander soort polis waarin jy kan spaar vir die kind. Alles werk basies dieselfde as hierbo beskryf, behalwe dat die persoon wat die premies betaal se lewe verseker kan word.

Dit beteken bloot sou jy as premiebetaaler vroeg doodgaan die versekeraar met die premies sal volhou tot aan die einde van die termyn, waarna die kapitaal beskikbaar sal wees vir die kind.

Belangrik om hier te onthou is dat daardie stukkie lewensdekking geld kos.

Jy gaan dit dus by die spaarpremie moet tel sodat jy nie 'n tekort skep in die verlangde bedrag kapitaal wat benodig word nie.

Belastingvrye spaar

As spaarmedium vir 'n kind se studiegeld is ek regtig nie so opgewonde hieroor nie.

Die belastingvoordeel, byvoorbeeld, is niksseggend, synde jong kinders gewoonlik nie belastingpligtig is nie.

Daarmee saam is daar 'n perk op bydraes van R500 000 oor 'n leeftyd. As jy geld moet onttrek uit die belegging kan jy dit nie weer aanvul nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com